Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 12 – APRIL 2018

Geagte ouers

LEED
Me. Elena Scholtz is tans nog in ICU nadat sy die vakansie van 'n leer afgeval het. Bid asseblief vir haar spoedige en volkome herstel.

DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2018:

10 April	**SKOOL BEGIN VIR LEERDERS**
11 April	**Rugby 0/12 wyksproewe (Grizzlies)**
12 April	**11:30: Gr7's in saal (Gerrit Maritz)** **Rugby 0/13 wyksproewe (Grizzlies)**
13 April	**09:00: Gr 7's in saal (Pretoria-Noord)**
14 April	**Konsert : Oudisies (hoof- en bykarakters)**
16 April	**18:30 Spelathon Gr 7 Afr** **Rugby 0/13 wyksproewe (Grizzlies)** **Sokker teen Eendracht (weg)**
17 April	**Tafeltoertjies borgvorms uit** **Graad 4 - 7 Rapporte uit** **18:30 Spelathon Gr 6 Afrikaans** **Rugby 0/13 wyksproewe (Grizzlies)**
18 April	**17:30: Graad 4 - 5 oueraand (saal)** **18:30 Spelathon Gr 5 Afr (in losie)** **14:05: Skaakoefening**
19 April	**17:30: IF oueraand (Gr 6 + 7) (in saal)** **18:30 Spelathon Gr 4 Afr (in losie)** **ATKV Spelathon Gr 7 Eerste Addissionele Taal**
20 April	**ATKV redenaars uitdunne (H/S Menlopark)** **VELDFLIEK**
21 April	**ATKV redenaars uitdunne (H/S Menlopark)** **Bulletjiedag - skool** **Mini Netbaldag 6 + 7 jariges – Laerskool Hermanstad**
23 April	**18:30 Spelling Bee Eng Gr 7** **Sokker teen Curro (tuis)** **ATKV Spelathon Gr 7 Huistaal**
24 April	**18:30 Spelling Bee Eng Gr 6** **Netbal teen Rachel de Beer (weg)**
25 April	**Elevate (studiemetodes) opvolg kursus Gr 4 leerders gratis** **18:30 Spelling Bee Eng Gr 4 en 5** **Skaak teen Orchards en Akasia by Rachel de Beer**
26 April	**Leerstof uit**
30 April	**SKOOLVAKANSIEDAG**
1 Mei	**WERKERSDAG**
03 Mei	**Rugby by Midstream**
04 Mei	**Leierraakvat**
05 Mei	**Mini Netbaldag vir 6 – 9 jariges – skool**

	Rugby 0/12 + 0/13 proewe by Oos Moot
07 Mei	**Sokker teen Gen Nic Smit (weg)** **ATKV Spelathon Eerste Addissionele Taal (finaal)** **Rugby 0/12 + 0/13 proewe (Grizzlies)**
08 Mei	**Netbal teen Akasia (weg)** **ATKV Spelathon Huistaal (finaal)** **Rugby 0/12 + 0/13 proewe (Grizzlies)**
09 Mei	**Tafeltoertjies Gr R - 7** **Skaak teen Voortrekker Eeufees en Rachel de Beer by Rachel de Beer**
10 Mei	**HEMELVAARTDAG – geen oefening** **Rugby finale proewe (Grizzlies)**
11 Mei	**Kaskar Groot FM + pantoffeldag. Skool kom 11:00 uit.**
14 Mei	**Sokker teen Voortrekker Eeufees (tuis)**
15 Mei	**Netbal teen Voortrekker Eeufees (tuis)**
16 Mei	**Skaak teen Prestige by Rachel de Beer**
17 Mei	**Netbal teen Tuine (weg)** **Rugby teen Tuine (weg)**
18 Mei	**ATKV redenaars Semi finale tot 16 Junie**
21 Mei	**Sokker teen Tuinrand (weg)**
23 Mei	**EKSAMEN BEGIN** **Eksamen: Engels (Taal + Begrip)**
24 Mei	**EKSAMEN: GEOGRAFIE GR 4-7** **Netbal teen Theresapark (weg)** **Rugby teen Hermanstad (tuis)**
25 Mei	**Leierraakvat** **ATKV Olimpiade Gr 7 Huistaal en 1ste Addissionele Taal sluit** **Mini Netbaldag vir 7 + 8 jariges (L/S Wierdapark)**
26 Mei	**Mini Netbaldag vir 6 – 9 jariges (L/S Tuine)**
29 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS (TAAL EN BEGRIP)**
30 Mei	**Graad 7 uitstappie na korrektiewe dienste**
31 Mei	**Graad 7 uitstappie na korrektiewe dienste** **EKSAMEN: NW EN TEGNOLOGIE (GR4 - 6) NW GR 7** **Rugby teen Voorpos (weg)**
4 Junie	**EKSAMEN: GESKIEDENIS**
6 Junie	**EKSAMEN: EBW**
7 Junie	**Rugby teen Die Poort (weg)**
8 Junie	**EKSAMEN: SKEPPENDE KUNSTE (GR 4 – 7)**
11 Junie	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE**
13 Junie	**EKSAMEN: PSW /LO**
15 Junie	**Leierraakvat**
16 Junie	**Slow pitch day – skool**
18 Junie	**Graad R - 3 rapporte uit**
19 Junie	**17:30 Graad R - 3 oueraand**
22 Junie	**11:00: SKOOL SLUIT** **Markdag: Gr 6 – geen boeties, sussies, vriende en familie wat nie van Danie Malan is nie mag saam met die leerders skool toe kom nie.** **Leerlinge betaal R5 vir behoeftige fonds en dra gewone klere.**
23 Junie	**Rugby: 0/9 + 0/10 by Menlopark**

ELEKTRONIESE TOELATINGSPROSES

Op 16 April skop die elektroniese toelatingsproses af. Huidige graad R'e en leerders met boeties en sussies reeds in die skool, is nie plek gewaarborg nie. Ons vra dat u stiptelik op 16 April om 08:00 voor u rekenaar sal sit om aansoek te doen. (Moenie vroeër probeer nie – indien u dit regkry gaan hul dit in elk geval verwyder). Moet ook nie u steur aan radio uitsendings wat ander tye aandui nie. U kan vanaf **16 April** tot **28 Mei** aansoek doen. Ons raai u egter af om nie later as 16 April aansoek te doen nie. Onthou die plasing word kronologies gedoen. Die stawende dokumente moet binne 7 dae nadat u ingeskryf het by die skool ingehandig word:

- Afskrif van onoorbrugde "unabridged" geboortesertifikaat
- Afskrif van inentingsertifikaat
- Afskrifte van ouers se ID dokument
- Oorspronklike water en elektrisiteitsrekening
- Indien die ouer binne die voedingsarea van die skool werk, moet 'n bewys ingehandig word wat bevestig dat die ouer by die betrokke plek werk.
- Voltooide inskrywingsvorm van die skool met die aanlynverwysingsnommer daarop. U word nie verplig om die skool se inskrywingsvorm te voltooi op 16 April nie. U moet in elk geval die inskrywingsvorm later kom

voltooi en ingee by die skool as u kind plek gekry het. Ons stel dus voor dat u dit reeds op 16 April kom indien nadat u aanlyn ingeskryf het.

- Danie Malan Graad R ouers kan net hul herregistrasievorm indien sowel as 'n "unabridged" geboortesertifikaat aangesien die skool reeds al u stawende dokumente het.

Ons beveel aan dat u bogenoemde die 16 de April kom indien, sodat ons van ons kant af kan seker maak dat u aansoek op die stelsel verskyn.

Hier volg 'n stap-vir-stap verduideliking van die aansoekproses:

1. Webwerf http://www.gdeadmissions.gov.za
2. Kies u taalkeuse op die tuisblad.
3. Klik op Aansoek vir 2019
4. Lees deur Termes en Voorwaardes en klik op "Gaan voort met aansoek".

Stap 1 – Registreer as ouer

- Voltooi die volgende: Ouer inligting (Suid-Afrikaanse burger / Nie Suid-Afrikaanse burger, land, ID, naam en van, Geslag, selfoonnommer, telefoonnommer, e-posadres, huis se munisipaliteit kies, huis dorp kies, huis se voorstad kies, huis straatnaam kies, huis straat nommer, huisadres, Werk munisipaliteit kies, Werk dorp kies, Werk voorstad kies, Werk straatnaam kies, werk straat nommer, werkadres, provinsie
- Skep 'n gebruikersnaam en wagwoord. Daar is nie voorskrifte vir die gebruikersnaam nie (skep u eie). Die wagwoord moet bestaan uit 8 karakters en moet 'n hoofletter, kleinletter, syfers en spesiale karakter bv. asterisk (*) insluit – Voorbeeld W@ss2018 (skep u eie). (Indien u reeds voorheen geregistreer het, sal u inligting nie steeds op die stelsel wees nie. Almal moet van voor af hierdie stap volg.)
- Daar gaan sekuriteitsvrae gevra word sodat u, u wagwoord kan verander sou u dit vergeet. (Vrae soos wat is u kind waarvoor u aansoek doen se noemnaam, gunsteling strokiesprent en u kind se vriend se naam sal gevra word.)
- Aanvaar die terme en voorwaardes. Moet klik anders beweeg u nie na die volgende bladsy.
- Dien aansoek in (submit).
- Inligting sal groen vertoon.
- Skryf u gebruikersnaam en wagwoord neer en bewaar dit.

Stap 2 – Leerderinligting

- Voltooi leerderinligting so volledig as moontlik.
- U gaan die volgende inligting hier voltooi: Suid-Afrikaanse burger of nie Suid-Afrikaanse burger kies, land, ID nommer of paspoort nommer, geboortedatum, name, van, geslag, huistaal, ras, provinsie en huidige Graad – dus Gr R en kies die skool.
- Dien aansoek in (submit)
- Inligting sal groen vertoon.

Stap 3 – Selekteer 'n skool

- U gaan vyf geleenthede kry om aansoek te doen.
- U gaan die volgende moet voltooi:
    - leerder se naam – behoort die naam te kan kies
    - graad – belangrik kies Gr 1 of 8 en moenie 'n fout maak nie
    - kies aansoek opsie nl. Huis, werk, boetie of sussie, vorige skool, skool van keuse, spesialis skool, tegniese skool, skool met koshuis). (**Baie belangrik: Gebruik die adres naaste aan die skool (huis- of werksadres)**
    - Kies die skool
- Dien dan die aansoek in.
- Die inligting sal groen vertoon.
- U sal 'n waglysnommer op u selfoon ontvang.
- U kan by meer as een skool aansoek doen deur "apply again" te druk.
- Verander net die aansoek opsie nl. Huis, werk, boetie of sussie, vorige skool, skool van keuse, spesialis skool of skool met koshuis. NB – by die laerskool kan u nie tegniese skool kies nie.
- In u eerste aansoek moet u, u huis- of werksadres gebruik om aansoek te doen. Gebruik die adres naaste aan ons skool eerste. (U sal nie reeds met u eerste aansoek "school of choice" kan kies nie). Die aanlyn sisteem sal vir u 'n lys van skole gee waaruit u kan kies wat binne die 5 km radius van u huis- of werksadres is. Soek by die kieslys vir Laerskool Danie Malan en as u dit nie kry nie - Danie Malan Laerskool. Die skole behoort alfabeties gelys te wees. U behoort ook die kilometer wat die skole van u huis of werk af is, te kan sien op die sisteem.
- Ons stel voor dat u met die eerste aansoek wel 'n skool kies wat binne die 5km radius val sodat u 'n waglys A nommer kan kry.
- Indien u buite die 5km radius van die skool bly of werk sal u 'n Waglys B nommer verkry. U nommer sal begin met WB240267. (240267 is ons skool se EMIS nommer).
- Indien u binne die 5 km radius bly sal u 'n Waglys A nommer kry. Dus sal u nommer begin met WA240267.
- Indien u 'n WB nommer kry was die stelsel nie in staat om u adres op te spoor nie en moet u stawende dokumente skool toe bring om u adres te verifieer.

- Indien u nie binne die 5 km radius van die skool woon nie, maar wel ‘n ander kind in die skool het, mag u weer aansoek doen en dan “sibling” as keuse gebruik. Doen dus weer aansoek deur die “APPLY AGAIN” knoppie te druk. Indien u reeds ‘n kind in die skool het in Graad 1-6 sal u outomaties op die A waglys geplaas word. U moet inligting oor u ander kind vermeld sodat die skool dit kan kontroleer. U gaan gevra word om die volgende inligting te gee oor die boetie en sussie nl. ID nommer, name, van, geslag, graad en skool).
- Indien Laerskool Danie Malan nie een van die skole was wat gelys was toe u met u huis- of werkadres wou aansoek doen nie, kan u ook weer aansoek doen deur die “APPLY AGAIN” knoppie te druk. U kan nou die skool van u keuse kies “ School of choice”.
- Ons beveel aan dat u by meer as een skool aansoek doen.
- Onthou elke aansoek moet apart gedoen word.
- Indien u meer as een kind wil inskryf bv. Nog ’n kind in Graad 1 of selfs een in Graad 8 kan u op die knoppie druk waarop staan “APPLY FOR ANOTHER LEARNER”. U hoef dus nie apart vir ’n tweede en selfs derde kind te registreer of aanlyn aan te teken nie.

My application/ my inskrywing

- As u op hierdie knoppie druk sal u al die aansoeke wat u gemaak het, kan besigtig. U kan ook sekere van u inskrywings verwyder.

Baie sterkte met die proses.

HUISWERK – NUWE WERKSWYSE

Neem asseblief kennis dat ons die werkswyse wysig vir die aanteken en straf van huiswerk wat nie gedoen is nie.
Wat verander?

- Die goeie nuus vir die ouers en kinders is dat strafklas wegval.
- U sal ook nie meer elke keer ‘n SMS ontvang as u kind se huiswerk nie gedoen is nie

Hoe gaan dit nou werk?

- Enige huiswerk wat nie gedoen is nie, sal voor in die leerder se skrif aangeteken word deur die voogonderwyser.
- Die onderwyser sal ook ‘n stempel druk by die huiswerk wat nie gedoen is nie.
- Die ouer moet by elke inskrywing teken wat die onderwyser oor huiswerk wat nie gedoen is nie gemaak het.
- U as ouer moet elke dag u kind se boeke nagaan of u kind vertrou om vir u die inskrywings te wys.
- Indien ‘n leerder 3 keer nie huiswerk gedoen het nie sal die leerder ‘n debiet in daardie vak daarvoor kry.
- Leerders wie se huiswerk gedoen is sal dan krediete ontvang.

Hoekom dink ons die stelsel werk beter?

- Dit leer leerders om verantwoordelik op te tree. Die verantwoordelikheid is weer die leerder en ouers s’n om te kyk of die leerder huiswerk gedoen het.
- Die leerders wat wel huiswerk doen word beloon en ontvang krediete.

SKAAK

Daar sal steeds elke Woensdag afrigting wees in kamer E1 van 14:00 tot 15:00. Die Skaakliga begin Woensdag 25 April. Die spelers wat gaan deelneem sal ’n brief ontvang.

TAFELTOERTJIES

Die Jaarlikse Tafeltoertjies (Gr R-7) sal plaasvind op Woensdag 9 Mei. Die leerders sal die borgvorms op 17 April ontvang.

KASKAR EN GROOT FM

Vrydag, 11 Mei: 07:00 – 11:00 Groot Fm & Kaskar! Hou Die Datum Oop!!!

KOOP MY KASKAR:

Baie geluk aan die volgende wenners van die projek: Koop my Kaskar.

BESKRYWING	**BEDRAG INGESAMEL**	
Graad 1 A4 – Neliana Fouché – TABLET / R2000	R3000.00	1
Graad 5/E3 – Rolané van der Merwe – R500	R1 500.00	2
Graad 2/C3 – Caleigh Klaassen – R250.00	R1 250.00	3

TOEGANG BY HEKKE IN DIE OGGENDE

Neem asseblief kennis dat slegs ouers wat die skool se amptelike toegangskaartjie kan toon vanaf 10 April toegang tot die skoolterrein sal kry in die oggende. Die kaartjies is beskikbaar by die kantoor teen R10. Ons het ‘n insident gehad, waar ‘n persoon hom as ‘n ouer voorgedoen het en van die kinders se besittings gesteel het. Om ‘n herhaling daarvan te voorkom sal u die toegangskaartjie moet toon indien u by die terrein wil instap in die oggende. Ons het egter nie in die oggende die fasaliteite of mannekrag om u te laat inteken ook soos in die middae nie. Maak dus seker u koop so ‘n toegangskaartjie aan en pas dit op sodat dit nie in die verkeerde hande beland nie. Ons waardeer u begrip in die verband.

UITTEKEN VAN LEERDERS GEDURENDE DIE SKOOLDAG

Geagte ouers wanneer ‘n ouer net by die skool opdaag om sy / haar kind uit te teken en daardie leerder uitgeroep moet word is dit uiters ontwrigtend. Hierdie praktyk het so ge-eskalleer dat die skool se navrae toonbank bykans tot stilstand kom en klasse konstant ontwrig word veral op Vrydae.

- “Geen ouer het die reg om ‘n leerder sonder ‘n geldige rede uit die skool te hou nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Vakansie en privaatsake is nie ‘n geldige rede nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Indien ‘n leerder wel met ‘n geldige rede gedurende die skooldag die skool moet verlaat, moet die skool ten minste die dag voor die tyd daarvan verwittig word per brief deur die ouer. Geen e-posse, fakse of sms’e sal aanvaar word nie, slegs ‘n brief met die oorspronklike handtekening van die ouer.
- Hierdie brief word deur die leerder aan die graadhoof sowel as die betrokke vakpersoneel getoon. Die personeel teken dan die brief.
- Op die gegewe dag en tyd wat die leerder die skool moet verlaat, sal die leerder self verskoning maak by sy / haar vakonderwyser en die brief toon.
- Geen leerder sal meer net uit ‘n klas geroep word nie.
- ‘n Leerder sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien die wettige ouer of voog sodanige leerder self kom afhaal, geen leerder sal op eie verantwoordelikheid toegelaat word om die terrein te verlaat nie.
- Ouers wat hul leerders op Vrydae vroeër wil kom uitteken sonder ‘n bewys van ‘n doktersbrief moet die leerders by die hoof kom uitteken en nie meer by ontvangs nie.

KONSERT

Die konsert gaan in kwartaal 3 plaasvind. Elke leerder wat deelneem gaan R180 vir konsertklere moet betaal. Ons moet reeds van die klere bestel en laat maak sodat dit betyds reg kan wees. Elke leerder van Graad R-7 kan deelneem. Voltooi asb. die afskeurstrokie in en stuur so gou as moontlik terug skool toe. U is welkom om die konsertklere af te betaal. Gebruik u familiekode en konsertklere as verwysing. Leerders wie se ouers vir vrystelling aansoek gedoen het en ontvang het en hulp benodig met die betaling van die konsertklere kan ’n brief aan die skoolhoof skryf en versoek dat die konsertklere geborg word. Ouers wat kan, is ook welkom om ’n minder bevoorregte leerder se klere te borg. Ons sal toesig reël tydens oefeninge in kwartaal 3 vir die leerders wat nie aan die konsert wil deelneem nie. Die leerders geniet dit gewoonlik baie en kry net drie geleenthede in hul laerskoolloopbaan om daaraan deel te neem.

BROODSAKKIE-KNIPPIE-PROJEK

Vir elke 200 broodsakkies vol knippies wat ingesamel word kan 1 rolstoel aan ’n minder bevoorregte kind geskenk word. Ons wil u dus aanmoedig om nie die knippies weg te gooi nie, maar na kamer B1 te stuur.

BELONING – VRYDAE 13:00

Op Vrydag, 13 April 2018 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 3 leerders help die week met die ekstra opruiming.

OU SKOOLDRAG SKENK

Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in ‘n goeie toestand is aan die klerebank te skenk. Ons benodig veral Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

KLEREBANK TYE

Die klerebank sal oop wees op Dinsdae en Donderdae vanaf 06h45 tot 07h00 en dan weer 14h00 tot 14h15. Ons wil ouers asseblief vriendelik versoek om asseblief by hierdie tye te hou.

ONBEKENDE DEPOSITO’S

Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2017-10-31	Onbekend – 34079	R800.00
2017-12-29	Onbekend – 34079	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-02-26	Laerskool danie malan	R2 500.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.

Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hillside Golfbaan van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting.
Klub-datums:

- Saterdag 14 April Transnet byeenkoms by Kilner Park (aaron.mabena@transnet.net)
- Saterdag 21 April Uitsig hoërskool by Uitsig hoërskool (hanlie.truter@hs-uitsig.co.za)
- Saterdag 28 April Protea Cullinan Festival by Cullinan (landmanrudi@yahoo.com)
- Vrydag 4 Mei Asics Night Race by TUT Main Campus (allan.smith@asics.com)
- Saterdag 12 Mei Tshwane University of Technology by TUT Main Campus (mnyengezammb@tut.ac.za)
- Saterdag 19 Mei Monaco by TUT Soshanhuwe (joescabaloyi@gmail.com)
- Saterdag 26 Mei Transnet by Kilner Park (aaron.mabena@transnet.net)

Leerders skryf self vir die landloopbyeenkomste in. Dit is baie goeie voorbereiding vir die landloopseisoen van die skool wat in die derde kwartaal begin.
Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "Parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

GEBEDSGROEP

Ons mammas bid elke Woensdag oggend by Danie Malan vir verskeie sake, onder andere vir u kind in Danie Malan. Daar is baie krag in gebed, daarom vra ons kom bid asseblief saam met ons vanaf 07h00 tot 08h00. Vir enige navrae skakel gerus vir Liza by 073 310 1074.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof